Leeuwenhof Akademie

WELPIENUUS

Nuusbrief 16 29 Mei 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen
083 454 2843
wilnav@leeuwenhof.co.za

In hierdie uitgawe:

Bl. 1 Boeresport
Tradisionele kos
Bl. 2 Laerskoolkoor
Welpierugbydag
Welpierugby
Junie verjaarsdae
Bl. 3 Belangrike datums
Mamma
Besoek aan die Kerk

Boeresport en wors-braai:

Liewe Ouers,
Elke jaar bied ons boeresport aan, as deel van ons 'My land Suid-Afrika' tema, om ook van ons kultuurerfenis aan ons maatjies oor te dra. Juf. Jeannine reël dié dag vir ons, wat hierdie jaar op Vrydag 2 Junie plaasvind. Dit is altyd 'n feesgeleentheid vir ons kinders. Hul doen dan ook 'n bietjie volksdansies op maat van al ons heerlike, tradisionele Afrikaanse musiek.
Op dié dag braai ons ook vir al ons maatjies wors en ons bedien dit saam met klein broodrolletjies en tamatiesous—alles deur die skool verskaf.
Ons hoop hierdie dag word deel van ons kinders se vreugdevolste herinneringe!

Tradisionele kossies:

Ons vra elke jaar dat ons mammas ons help met tradisionele kossies, ook gedurende die "My land Suid-Afrika" week.
Ons begin Maandag met vetkoek of klein vetkoekies, Dinsdag melktert of klein melktertjies, Woensdag koesisters en Donderdag pannekoek, telkens genoeg vir 20 tot 22 maatjies in die klas.
Die juffrouens sal per WhatsApp reëlings tref, om te sorg dat elke klassie genoeg van genoemde items het, om te kan proe.
By voorbaat baie dankie aan elkeen wat vir ons met hierdie projek help!

Die Laerskoolkoor:

Die koor het opgetree by Silver Star Casino op 8 Mei en dit was 'n groot hoogtepunt vir ons koor.

Dit was 'n eer vir ons koor om deel te kon wees van die 'Kyk Net', 'Sing in Harmonie' kompetisie.

Ons leerders het pragtig gelyk, hul koordissipline was puik en die beoordelaars het net mooi dinge van die koor te sê gehad, onder andere dat ons koor se intonasie puik is en dat ons klank suiwer is.

Met die uitsending op 11 Junie, kan ons nog met SMS-boodskappe stem vir ons skool, om as kyker-gunsteling deur te gaan. Inligting sal volg.

Harlik geluk aan ons Laerskool en sterkte met die stemmery!

Leeuwenhof Akademie Welpiedag:

Ons wil graag elkeen van ons skool se ouers uitnooi om Leeuwenhof Akademie se tuisaanbieding van ons Welpiedag by te woon, komende Saterdag, 27 Mei.

Die wedstryde begin om 8:00 en duur tot 12:35. Toegang is R5 per volwassene en kinders se toegang is gratis. Dit belooof om 'n baie aangename dag vol goeie welpierugby en lekker kos te wees.

Ons gaan ook verskeie gelukkige trekkings aanbied van onder andere Mercedez Benz, Hyundai , Sports Science asook Refresh.

Welpierugby:

Ons speel Saterdag by ons eie skool, Leeuwenhof Akademie! Op dié dag vind die afsluitingsfunksie ook plaas, soos aan u deurgegee.

Ons glo dit gaan 'n baie spesiale geleentheid vir ons pragtige kinders en ouers wees!

Nogmaals dankie aan ons afrigters, wat 2 keer per week met ons seuntjies kom oefen het en groot opofferings gemaak het om hier te wees.

ONS WAARDEER DIT ONEINDIG BAIE!

Veels geluk!: aan elkeen wat in Junie verjaar! Juf. Karin, Ziané van der Walt, Revann Botha, Vené Bornman, Zach du Plessis, Chloé Beylefeld, Olivia Wessels, Marco Siebert, Ewan Donlin, Janco Booysen, Lika Vorster, John Hamman en Blake Martins. Mag die Heer jul in besonder seën in hierdie nuwe lewensjaar!

Belangrike datums:

27 Mei:	Welpierugby Leeuwenhof Akademie—**Almal WELKOM**!!
29 Mei:	**Tot 1 Junie—**tradisionele kos 29-05 Vetkoek, 30-05 Melktert 31-05 Koesisters, 01-06 Pannekoek
31 Mei:	Ambassadeursaand—Heidelberg
2 Junie:	**Boeresport en Worsbraai**
14 Junie:	**Trapkarre—**ons huur trapkarre vir groot pret!

Mamma, deur die oë van 'n jong seuntjie:

"Mamma vat ons elke dag skool toe.
Dat ons kan leer en slim kan word.
Mamma is die beste in die *famielie*.
Mamma maak elke dag pap.
En dit si die grootste liefde wat daar is."

Skrywer: Juan Kriel

Besoek aan die Kerk:

Ons maatjies het die besoek sommer baie geniet en kon nou waarneem hoe elke vertrek, asook die kloktoring lyk. Hul kon ook op die kansel klim en mnr. Kobie het pragtig orrel gespeel, om atmosfeer te skep, maar ook om ons maatjies se mooi sang te begelei. Baie dankie aan juf. Zuanéll, vir die organisasie vir die uitstappie!
Die Graad 0 maatjies het ook die opening in die amfiteater terdeë geniet, dit was 'n spesiale Hemelvaartviering.
Vriendelike groete!
Wilna van Rooyen